

Sondag 28 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 6:10-13

## Trek die volle wapenrusting aan om weerstand te kan bied

Daar is vir ons as gelowiges altyd verskillende bedreigings, en daarom word die brief afgesluit met die oproep om ons krag by die Here te kry. Ons moenie die vyand onderskat nie en moet deur gebed geestelike energie kry. Al smaak ons die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal ons dié vrede beleef te midde van die stryd met die bose magte.

Ons as gelowiges moet nooit vergeet hoe swak en broos ons in onself is nie, en moet daarom onthou dat Christus ons kragbron is. Die krag wat beskikbaar is, is dieselfde krag waarmee God gelowiges uit die dood, sonde en oordeel gered het.

Ons moet die volle wapenrusting aantrek, want dit kom van God. Ons moet die volle wapenrusting aantrek sodat ons goed bewapen kan wees. Die duiwel is baie listig en hy beplan sy strategie baie deeglik. Die gelowiges moet die inhoud en omvang van die aan-slag ken sodat ons nie oorgerus sal wees nie. Ons eintlike vyande is die duiwel en sy magte, wat baie groter krag as ons het. Die bose magte is persoonlike wesens, engele wat in sonde geval het en onder beheer van die duiwel staan. Hulle gebruik hulle mag om kwaad te stig deur met leuens en bedrog ander te mislei.

Daarom moet ons die wapenrusting aantrek om weerstand te bied en steeds op ons pos staande te bly. Christus het die duiwel en sy magte aan die kruis oorwin, en daarom probeer hulle ons saam met hulle in die afgrond intrek.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*